

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Saak Nr. : 2431/2004

In die saak tussen:

LAMBERT HENDRIK ROUX

Applikant

en

DIE RAAD VAN DIE PROKUREURSORDE
VAN DIE VRYSTAAT

1ste Respondent

JAN JACOBUS MAREE

2de Respondent

JOHN DOUGLAS ANDERSON

3de Respondent

NKOPANE WILFRED PHALATSI

4de Respondent

LEON STRATING

5de Respondent

CORAM:

HATTINGH R *et* RAMPAL R

AANGEHOOR OP:

16 MEI 2005

UITSPRAAK:

HATTINGH R

GELEWER OP:

9 JUNIE 2005

[1] Verskeie klagtes van onprofessionele optrede en/of wangedrag word deur 'n dissiplinêre komitee van eerste respondent teen applikant, 'n praktiserende prokureur,

ondersoek.

- [2] Die dissiplinêre komitee belas met bovermelde ondersoek bestaan uit drie senior prokureurs van hierdie Hof, naamlik tweede, derde en vierde respondente onder voorsitterskap van tweede respondent.

- [3] Vyfde respondent, ook 'n praktiserende prokureur van hierdie Hof, is deur eerste respondent aangestel as pro-forma aanklaer in die gemelde ondersoek.

- [4] Uit die klagstaat blyk dit dat daar 'n aantal baie ernstige bewerings teen applikant ondersoek word en indien dié bewerings juis bevind sou word, dit klaarblyklik direk slaan op applikant se integriteit en derhalwe op die vraag of applikant 'n geskikte en bevoegde persoon is om as prokureur te praktiseer.

- [5] Die oorsprong van die aanklagte teen applikant is 'n siviele aksie wat ene Mnr. Heuer ingestel het teen die prokureursfirma Jac. N. Coetzer, Hoopstad waarvan applikant 'n vennoot/direkteur was.

- [6] 6.1 My ampsbroeder H.M. Musi het sekere bevindings gemaak wat op applikant se geloofwaardigheid en

integriteit reflekteer het en het die Hoogste Hof van Appèl Musi R se bevindinge bekragtig, maar ook bevind dat applikant skuldig is aan opsetlike misleiding van Heuer.

6.2 Viviers AR het dit soos volg gestel:

“I am not persuaded that the court *a quo* was wrong in making these credibility findings. In fact, on a careful reading of the record one is left with the impression that Roux was a thoroughly unreliable witness and that everything the trial court said about his evidence is fully justified....” en verder aan

“for the reasons I have given the court *a quo*’s judgment must be upheld on the basis of Roux’s intentional misrepresentations.”

Toe die geleerde Regter handel met wat ‘n gepaste kostebevel op appèl sou wees, sê hy:

“As appears fully from what I have earlier said, however, Roux’s conduct was so dishonest and his efforts, persisted in on appeal, to explain his conduct and to conceal his fraud, so disingenuous and devious that an award of attorney and client

cost is called for also on appeal.”

[7] Die sitting van die dissiplinêre komitee het plaasgevind op 9 Desember 2003 en toe weer op 14 Junie 2004.

[8] Op die eersvermelde datum het Adv. M van der Nest SC namens applikant verskyn. Al wat toe interessant was, was die teatrale aankondiging van Mnr van der Nest toe hy verklaar het:

“En ons gaan vir u wys, Meneer die Voositter, dat die bevindinge totaal ongefundeerd is en hierdie geleentheid is aan ons gebied om vir u te wys dat daardie bevindinge verkeerd is. Die bevindinge wat gemaak is op bewerings wat nie gestel is nie, bewerings wat nie getoets is nie en ons verskil ten sterkte van beide Regter Musi en van die vyf Regters in die Hoogste Hof van Appèl dat daardie feite bevindings wat hulle maak op die feite dat hy bedrieglik opgetree het, wat nie aan hom gestel is nie, totaal en al verkeerd is.”

[9] Daarna het daar nog verskeie debatte plaasgevind tussen die dissiplinêre komitee, die pro-forma aanklaer en Mnr van

der Nest wat werklik nie enige verdere aandag verdien nie. Uiteindelik en aan die einde van daardie dag se verrigtinge het die dissiplinêre komitee soos volg gereël:

- “1. Die komitee maak dan die reëling dat uit hoofde van die uitspraak van die Hoogste Hof van Appèl wat *prima facie* getuienis daarstel van onprofessionele gedrag ten opsigte van klagtes 1.1, 1.2 en 1.3, sal die praktisyn Mnr Roux met die aanbod van getuienis begin.

2. Die komitee is tevrede om getuies te dagvaar en te roep in die volgorde wat die praktisyn aandui en dat die roep van die getuies die reg insluit om die getuies te kruisverhoor uit die aard van die saak deur beide die praktisyn se verteenwoordiger sowel as deur die aanklaer.”

[10] Daarna is die verrigtinge uitgestel tot 14 Junie 2004 waarop die verrigtinge sou voortgaan. Op daardie dag verskyn Adv. van Rhyn SC vir applikant. Hy rig ‘n aansoek dat tweede, derde en vierde respondente hulle van die verrigtinge moet rekuseer en dat die vyfde respondent as pro-forma aanklaer

vervang word. Die aansoeke is afgewys.

[11] Dit is teen hierdie twee bevindings van die dissiplinêre komitee dat applikant op hersiening die volgende regsverligting vra:

“1. Dat die bevindinge van die tweede, derde en vierde respondente op 14 Junie 2003, hersien word;

2. Dat die tweede, derde en vierde respondente gelas word om hulle te rekuseer as dissiplinêre komitee in die formele ondersoek teen die applikant gehou;

3. Dat die eerste respondent gelas word om die tweede, derde en vierde respondente te vervang in die dissiplinêre komitee deur hulle aangestel wat 'n formele ondersoek teen die applikant hou;

4. Dat die eerste respondent gelas word om die vyfde respondent by die formele ondersoek gehou teen die applikant, as pro-forma aanklaer te vervang;

5. Dat die eerste respondent gelas word om 'n dissiplinêre komitee saam te stel, alternatiewelik lede daarvan te koöpteer wat bestaan uit prokureurs verbonde aan die prokureursordes van provinsies ander dan die Vrystaat Provinsie;

6. Koste teen eerste repondent en teen verdere

respondente slegs indien hulle die aansoek
opponeer.”

[12] Elkeen van die respondente opponeer die aansoek.

[13] Applikant fundeer sy aansoek op samesprekings wat tweede en vierde respondente met sy regsverteenwoordigers gehou het gedurende Februarie 2003.

“Dit was by daardie samesprekings dat die tweede respondent melding gemaak het dat die eerste respondent onder druk is van die ‘**Appèlhof**’ en ‘**sekere kollegas**’. Om daardie rede kan die aangeleentheid nie geskik word met die tweede en derde respondente nie en is die indruk by my gelaat dat die eerste respondent onder druk is (soos voormeld) om ‘n aansoek om my skrapping van die rol van prokureurs te bring.” (my beklemtoning)

[14] In antwoord hierop verklaar tweede respondent:

“13.1 Ek ontken dat ekself, of enige van die respondente, onder druk was om die applikant te

benadeel. Die enigste druk, indien dit so genoem kan word, is om die aangeleentheid afgehandel te kry.

13.2 Die applikant voer met respek geen feite aan wat daarop sou dui dat, indien die verhoor voortgesit word, hy op enige wyse hoegenaamd benadeel of potensieel benadeel kon word nie.

13.3 Betreffende die beswaar teen die vyfde respondent se optrede as aanklaer is die applikant die geleentheid gebied om die feite wat hy meen hom sou benadeel en die vyfde respondent diskwalifiseer om as aanklaer op te tree, aan die dissiplinêre komitee te verduidelik.

13.4

13.5 Na versigtige beoordeling van die voormelde feite het die komitee geoordeel dat daar nie genoegsame gronde is om die opdrag van die vyfde respondent om as aanklaer op te tree, te beëindig nie.”

[15] Paragraaf 13.1 van respondent se bestrydende verklaring word toegelig deur tweede respondent waar hy verwys na die voormelde samesprekings. By daardie geleentheid is applikant en sy regsverteenwoordigers meegedeel dat die Raad wil toesien dat die ondersoek afgehandel word sonder onnodige vertraging. Die rede-motivering vir die mededeling was bloot dat die Raad by verskeie geleenthede stappe gedoen het om die hoeveelheid uitstaande klagtes te verminder en, meer in besonder, om toe te sien dat die afhandeling van klagtes nie onnodig vertraag word nie.

[16] In hierdie verband verklaar tweede respondent:

“11.4 As gevolg van onder andere ‘n wisseling van personeel in die dissiplinêre afdeling van die Orde het dit gebeur dat uitstaande klagtes buite verhouding begin eskaleer het en was daar kritiek nie alleen van lede van die Orde nie, maar ook vanaf lede van die regbank van die Vrystaatse Hooggeregshof wat in die ope Hof uitgespreek is.

11.5 Dit het ook onder my aandag gekom dat ‘n praktiserende lid by ‘n raadslid navraag gedoen het met betrekking tot die vordering en afhandeling van die ondersoek teen die applikant en het hierdie lid gemeld dat tydens ‘n sosiale gesprek met ‘n regter van die Hoogste Hof van Appèl, daar navraag oor die saak was.

11.6 Ek het hierdie mededeling aan applikante se regsverteenwoordigers gemaak in die konteks dat die regsverteenwoordigers hulle samewerking moes verleen ten einde ‘n verhoordatum te bekom wat nie te ver in die toekoms is nie en is dit reeds tydens hierdie samesprekings tentatief op datums ooreengekom gedurende die reses van Junie/Julie 2003.

11.7 Die mededeling het geensins verband gehou met die meriete van die ondersoek nie, was bloot ‘n

mededeling dat die regsverteenwoordigers hulle samewerking moes verleen dat die aangeleentheid spoedeisend afgehandel word.”

[17] Die applikant doen aansoek om finale regshulp en moet die feite-geskil beslis word op die weergawe van die respondente. Daarbenewens is die waarskynlikhede oorweldigend ten gunste van respondente. Ek handel nou daarmee.

[18] Wat tekenend opval, is dat met die voortsetting van die verrigtinge op 14 Junie 2004 daar uit die bloute aansoek gedoen word vir die rekusering van die betrokke respondente. Geen nuwe feite, of veranderde omstandighede, het sedert die eerste verskyning (9 Desember 2003) na vore gekom nie. Die samestelling van die komitee, die pro-forma aanklaer en die klagtes teen die applikant was almal presies dieselfde soos dit was op 9 Desember 2003. Die enigste verandering wat ingetree het, is dat Mnr. van Rhyn nou namens die applikant opgetree het in die plek van Mnr. van der Nest wat op 9 Desember 2003

verskyn het.

[19] Op laasvermelde datum was daar geen aansoek om rekusering nie. Applikant en sy regsverteenwoordiger was met die samestelling van die komitee en die pro-forma aanklaer tevrede. Wat meer opvallend is, is dat die gronde waarop Mnr. van Rhyn nou steun vir sy aansoek, reeds ontstaan en bestaan het nog voor 9 Desember 2003!

[20] Op die dag van die samesprekings, en op die dag wat die verrigtinge 'n aanvang voor die dissiplinêre komitee sou geneem het (9 Desember 2003) was ál hierdie feite aan applikant bekend en het nóg hy nóg sy regsverteenwoordiger, met kennis en wete van hierdie feite, dit goedgevind om 'n aansoek om rekusering te bring. Toe Mnr. van Rhyn op die toneel verskyn, ontwaak hierdie “indruk”, eensklaps, alhoewel soos mosterd na die maal!

[21] Wat applikant gevolglik in sy repliek verkondig, geniet weinig oortuigingskrag. Sy bewerings, te wete

“my onmiddellike indruk was dat eerste tot vierde respondent onder druk was van die Hoogste Hof van Appèl en sekere kollegas om my aansoek om my skrapping van die rol van prokureurs te bring,”

en

“my reaksie op daardie dag was dat ek nooit van ‘n regverdige verhoor verseker kon gewees het nie.”

Dat

“by daardie geleentheid en vandag dit nog my oortuiging is dat die respondente nie by daardie geleentheid of by enige ander geleentheid in staat was om onpartydig en onbevange te besluit oor die beregting van die saak nie”

(my beklemtoning)

kan nie ernstig opgeneem word nie.

[22] Hierdie bewerings word eers in die applikant se stukke opgedis om ‘n basis te bied vir die aansoek om rekusering. Die bestrydende verklaring van respondente toon onomwonde aan dat die applikant se “indruk, reaksie en oortuiging” ‘n versinsel en ‘n verdigsel is; daar bestaan eenvoudig geen feitebasis wat applikant se saak ondersteun nie. Die respondente ontken in elke geval applikant se bewerings waarop hy steun vir sy “indrukke” ens. Applikant vra finale regshulp en moet die feitegeskil opgelos word op

die weergawe van respondente.

[23] Selfs op die veronderstelling dat applikant onder sodanige “indruk”, soos wat hy beweer, verkeer het, is die vraag of dít op sigself rekusering sou regverdig.

[24] Dit is oorbekende reg dat elkeen geregtig is op ‘n billike verhoor wat insluit dat by die aanhoring daarvan dit sal geskied deur ‘n onbevange en onpartydige beoordelaar.

[25] Die regsposisie is duidelik. Dit lê opgesluit in die eenvoudige vraag: Sou ‘n redelike, objektiewe en ingeligte persoon, in die plek van die beswaarde litigant, op die korrekte feite, redelikerwyse besorg of bevrees wees dat die Regter nie ‘n onbevange gemoed of ‘n onpartydige mening, sal handhaaf in die beoordeling van die saak nie?

[26] Nodeloos om te sê, word die vraag bevestigend beantwoord, moet rekusering volg. Dit geld vir beide siviele- en strafsake sowel as aangeleenthede wat regsgevolge vir die partye kan

inhou.

[27] Eweneens, moet daar altyd in gedagte gehou word dat 'n onbevooroordeelde Regter 'n fundamentele voorvereiste is vir 'n billike verhoor en moet daar nie gehuiwer word om haarself of homself te onttrek aan 'n saak as daar redelike gronde vir besorgdheid bestaan by een van die litigerende partye, dat die Regter nie 'n onbevange oordeel kan of sal handhaaf nie. Sien in die algemeen **TAKE AND SAVE TRADING CC AND OTHERS v STANDARD BANK OF SA LTD** 2004 (4) SA 1 (HHA).

[28] Daar bestaan geen redelike gronde wat in applikant se gemoed 'n besorgdheid kon ontketen het dat tweede, derde en vierde respondent partydig en bevooroordeeld in die ondersoek sou optree nie.

[29] Mnr. van Rhyn, het heel tereg, tydens argument nie volhard met sy aansoek teen vyfde respondent nie.

[30] Die aansoek word met koste afgewys.

G.A. HATTINGH, R

Ek stem saam.

M.H. RAMPAL, R

Namens die applikant: Adv A J R van Rhyn SC
In opdrag van:
McIntyre & Van der Post
BLOEMFONTEIN

Namens die respondente: Adv P J T de Wet
In opdrag van:
Lovius Block
BLOEMFONTEIN

/sp